

Huis- & Tuinbouklub

Die is 'n groot bederf vir dames met groen vingers om uitstappies na kwekery te geniet.

Die vingers begin sommer weer jeuk vir tuinwerk. Die Huis- en Tuinbouklub het op Woensdag, 12 Mei 'n uitstappie geniet na Crisanra Kwekery in Vanderbijlpark. Frikkie was die toerleier vir die dag, en kon aan die

dames baie interessante feite deurgee. Die klub is deur die hele kwekery geneem en kon die toerleier peper met al die vrae. Ander afdelings van die kwekery is ook besoek, naamlik Potte & Craft en Cheap Cheap. Die heerlike uitstappie is afgesluit met middagete by Stonehaven op die oewer van die Vaalrivier.



Op die foto bo verskyn die groep Huis- en Tuinboudames wat Crisanra Kwekery in Vanderbijlpark op Woensdag, 22 Mei besoek het. Voor: Georgina Weiss, Mari Myburgh en Erika Piater. Agter: Joey van Tonder (besoeker), Elbie Els, Wilna de Bruyn, Hettie van Tonder, Gerda Pieters, Bertha Hancke, Charina Kriel (besoeker), Hester Steyn, Sannetjie Lombard, Pia Pienaar, Petro Meintjes, Carol Snyman en Henda van Eeden. Op die foto onder: Carol Snyman (tuinbou bestuurslid), Erika Piater, Frikkie (Crisanra toerleier) en Pia Pienaar.



Terugblik



HEILBRON HERALD, 13 JUNIE 2014 - TOE VAL DIE SPRINGBOK SOOS 'N OS
Os du Randt (regs) was nie net 'n vernuftige rugbyspeler op sy dae nie, maar is ook deesdae 'n vernuftige skut. Hy was deel van 'n groep wat die afgelope week op Goedehoop jagplaas van Danie en Marise Hattingh van Heilbron gejag het. Os het hierdie mooi Springbokram die perfekte skoot gegee onder die goeie toegsig van die professionele jagter van Goedehoop, Kabous van der Merwe. Die Vrystaat se koue kon nie jagters keer om weer hierdie jaar hulle liefde vir jag uit te leef nie.

Is jy JAG gereed?

Kepse, hemde en meer NOU beskikbaar

Herald Office National

058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za | marketing@heilbron.co.za

Medisinale kruie en plante in jou tuin



Om die tafel sit Heilbron se Dienssentrumlede gereed vir hierdie week se program wat handel oor medisinale kruie en plante wat in ons tuine voorkom. Hierdie onderwerp het lekker uitgebrei en het gesorg vir nuwe leerstof ook. Lede sien klaar uit na volgende week se program wat gaan handel oor die lewe van 'n afslaer. Op die foto om die tafel verskyn die volgende lede: voor van links om die tafel na regs: Bea Botha, Nelie Myburgh, Rita Groenewald, Bettie Swart, Susan Smit, Joggie van Vreden, Lettie Pieters en Sharky Kuhn.

AP KERK PETRUS STEYN
BIED AAN:
Klipwerf
Bestelings noodsaaklik
076 875 9922 of
072 766 2098

22 Junie 2019

18:00

R250 pp, Spitbraai ete ingesluit.
Kontantkroeg.
**HIGH FERT PERSEEL
PETRUS STEYN**